

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

VISIE:

Bergrivier: 'n
vooruitstrewende
gemeenskap waar almal wil
leef, werk, leer en speel op
'n menswaardige manier.

VISION:

Bergrivier: a prosperous
community where all want to
live, work, learn and play in
a dignified manner.



KERN WAARDES / CORE VALUES

We are all part of Bergrivier
Municipality.
We render good services to ensure
dignified living to all.
We are unashamedly pro-poor.
We believe in close innovative
partnerships.
We believe in social and economic
development of our area.
We care about our work and our
colleagues.
We are disciplined.
We believe in good relationships.
We serve with pride.

NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 05 JULIE 2017 OM 08:30 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

TEENWOORDIG:

LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

Rdh. EB Manuel [DA] : Uitvoerende Burgemeester
Rdd. SM Crafford [DA] : Uitvoerende Onderburgemeester
Rdl. MA Wessels [DA] : Lid van Burgemeesterskomitee

ANDER RAADSLEDE

Rdh. A de Vries [DA] : Speaker
Rdl. A du Plooy [DA]

AMPTENARE

Adv. H Linde - Munisipale Bestuurder
Me. AJ Louw - Direkteur Korporatiewe Dienste – waarnemend
Mnr. GJ Goliath - Direkteur Finansiële Dienste
Mnr. JA Engelbrecht - Direkteur Tegniese Dienste – waarnemend
Me. AA Somers - Klerk: Komitee Dienste

AKSIE

BKN001/07/2017

OPENING EN VERWELKOMING

Die Voorsitter reël 'n minuut van stilte, waarna hy almal by die vergadering
verwelkom.

BKN002/07/2017

AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID

3/3/1/4

Raadsheer RM van Rooy – gehospitaliseer
Direkteur Tegniese Dienste – vakansie
Bestuurder: Strategiese Dienste – verskoning
Interne Ouditeur – verskoning



BKN003/07/2017

VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)

3/3/1/6

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items op die agenda, het nie.

BKN004/07/2017

BEKRAGTING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING

3/3/2/2

Geen

BKN005/07/2017

VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER

3/3/1/6

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat 'n gespreksessie plaasvind na afloop van die vergadering oor Erf 1223, Velddrif tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Speaker en haarself.

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Dat Raadsheer van Rooy in die hospitaal opgeneem is;
- Dat Me. Snell ook in die hospitaal opgeneem is; en
- Dat die Munisipale Bestuurder bedank word vir die goeie voorbereiding wat gedoen is rakende vandag se besoek deur die Wes-Kaapse Premier aan Bergrivier Munisipaliteit.

BKN006/07/2017

ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

3/3/1/5

Geen

BKN007/07/2017

MOSIES / VRAE

3/3/1/1, 3/3/1/2

Geen



BKN008/07/2017

NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME

8/1/1

Geen

BKN009/07/2017

NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME

3/2/1/3

Geen

BKN010/07/2017

IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE BURGEMEESTERSKOMITEE: GOEDKEURING VAN KORTLYS VIR ONDERHOUDE VIR DIE AANSTELLING VAN DIE DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE

(Voordat bogenoemde item bespreek word verlaat die Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste en die Klerk: Komiteedienste die vergadering.)

(’n Vertroulike dokument word ter tafel gelê – Bylae A)

Die Munisipale Bestuurder gee ’n bondige opsomming met betrekking tot die item onder bespreking.

Verder lig sy die komitee in dat die onderhoude sal plaasvind op Maandag 24 Julie 2017, waartydens elke kandidaat onderhoudsvrae moet beantwoord, ’n aanbieding sal maak en ’n geskrewe toets sal aflê.

Die Uitvoerende Burgemeester beklemtoon die vertroulikheidsaspek met betrekking tot die keuringsproses.

BESLUIT:

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die volgende kandidate op die kortlys goedkeur, naamlik:

- No. 07 – Mnr. KD Stuurman (ekstern);
- No. 26 – Mnr. SJ Swartz (ekstern);
- No. 34 – Mnr. DA Josephus (intern); en
- No. 40 – Mnr. GD Harding (ekstern).

**DIREKTEUR
KORPORATIEWE
DIENSTE**

BKN011/07/2017

IN KOMITEE: BESLUIE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS

Geen



NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING
GEHOU OP WOENSDAG 05 JULIE 2017 OM 08:30 IN DIE RAADSAAL,
MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

4

BKN012/07/2017

**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING /
KENNISNAME**

Geen

BKN013/07/2017

**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING /
KENNISNAME**

Geen

DIE VERGADERING VERDAAG OM 08:40

BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE

**VOORSITTER
(UITVOERENDE BURGEMEESTER)**

DATUM
